Verander hulle harte

SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:
Deuteronómium 5:22–29; 4:25–31 en 30:1–10; Matthéüs 3:1–8; Markus 1:15; Handelinge 2:37, 38.

Geheueteks: " 'Dan sal julle daarvandaan die Here jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek' " *(Deuteronómium 4:29)*.

Ons het almal 'n sondige natuur. Nou en dan hoor 'n mens van een of ander "deskundige" wat die Christene se lering oor die mens se korruptheid bekla, maar al wat 'n mens moet doen, is om na die nuus vir 'n dag of twee te luister, of om 'n vinnige opname van die mensdom se geskiedenis te maak, en dan sien jy hoe waar en in die kol hierdie Christelike leerstelling is.

Of, selfs nog makliker, al wat jy moet doen, is om in die spieël te kyk; maar, eintlik nog nader. Wie ook al die moed het om diep in sy eie hart in te kyk (wat eintlik 'n skrikkerige plek kan wees), weet hoe waar Romeine 3:9-23 is wat met die volgende woorde eindig: "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" *(Romeine 3:23)*.

Natuurlik word die goeie nuus in die volgende vers gevind, "en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is" *(Romeine 3:24)*. Hierdie wonderlike nuus het natuurlik 'n uiters belangrike voorwaarde: om ons sonde te erken, jammer te wees daaroor, vir God om vergifnis te vra, en dit dan uiteindelik te versaak. Omdat ons sondig is, moet bekering die hoofsaak van ons Christelike bestaan te wees. Hierdie week gaan ons die gedagte oor bekering, soos dit in Deuteronómium bespreek word, bestudeer.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 27 November.*

Mi-Yitten

Bybelse Hebreeus, soos die meeste tale, is vol idiome, wanneer spesifieke woorde gebruik word om iets anders te beteken as wat hulle eintlik sê. Een idioom in die Ou Testament is *Mi-yitten*. "Mi" is die vraag "wie?", en "yitten" beteken "sal gee." So, *Mi-yitten* beteken letterlik "Wie sal gee?"

In die Ou Testament dui hierdie frase egter die gedagte van 'n wens aan, 'n begeerte, van iemand wat iets baie graag wil hê.

Byvoorbeeld, nadat hulle uit Egipte bevry was, het die kinders van Israel, toe hulle uitdagings in die woestyn teëgekom het, uitgeroep, " 'Het ons maar in Egipteland deur die hand van die Here gesterwe!' " *(Exodus 16:3)*. Die sinsnede "Het ons maar" is van *mi-yitten* afgelei.

In Psalm 14:7 roep Dawid uit, "Ag, mag die verlossing van Israel uit Sion kom!" Die Hebreeus sê nie "Ag" nie; dit sê "mi-yitten."

In Job 6:8, toe hy uitgeroep het, "Ag, mag my bede maar uitkom," — word "Ag" weer vir "mi-yitten" gebruik.

Lees **Deuteronómium 5:22–29 en fokus veral op vers 29. Wat dui die woord wat as "Ag" vertaal is en wat van "mi-yitten" kom, eintlik aan?**

_____

_____

Hier uiter die Here — die Skepper God, die Een wat die ruimte gemaak het, en tyd en materie, die Een wat ons wêreld, deur net te spreek, tot stand gebring het, die Een wat in Adam die asem van die lewe geblaas het — 'n uitroep wat oor die algemeen met die swakhede en beperkinge van die mens geassosieer word. Wat 'n voorbeeld van die realiteit van vryheid van keuse! Hier sien ons dat God beperk word in die groot stryd. Hierdie gebruik van *mi-yitten* onthul dat selfs God nie die vryheid van keuse kan oortree nie; want die oomblik as Hy dit doen, sal dit nie meer 'n vryheid van keuse wees nie.

En net soos ons as mense vry is om te sondig, is ons ook vry om die Here te kies, om te kies om Hom toe te laat om ons te lei, om te kies om op sy Heilige Gees se leiding te reageer, om berouvol oor ons sondes te wees en om Hom te volg. Die keuse is per slot van rekening ons s'n, en net ons s'n, en dit is 'n keuse wat ons dag vir dag en elke oomblik moet maak.

Wat is sommige van die keuses wat jy in die volgende paar uur of dae die hoof sal moet bied? Hoe kan jy leer om jou wil aan God oor te gee sodat jy deur Sy krag die regte keuses kan maak?

_____

_____

Soek My en vind My

Regdeur die Bybel vind ons bewys van God se voorkennis. Dit wil sê, Hy weet vooraf alles wat gaan gebeur. Of dit nou die opkoms en val van wêreldryke is *(Daniël 7)*, of individuele optrede 'n paar ure voordat dit gebeur, — " 'Voorwaar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy my drie maal verloën' " *(Matthéüs 26:34)* — die Here weet van die begin af hoe die einde gaan uitwerk. Sy voorkennis, selfs in ons vrye keuses, het hoegenaamd geen invloed op ons vrye keuses nie.

Daarom het die Here selfs voordat Hy die kinders van Israel in die land ingebring het, geweet wat hulle sou doen nadat hulle die land oorgeneem het.

Lees **Deuteronómium 4:25–28. Wat het die Here gesê moet hulle doen wanneer hulle in die land wat aan hulle belowe was, sou kom?**

_____

_____

In die vorige verse sê die Here aan hulle spesifiek om nie vir hulle afgode te maak en te aanbid nie *(Deuteronómium 4:15–20)*. Maar, die verse wat daarop volg, sê baie duidelik dat hulle, ten spyte van al die waarskuwings, afgode sou maak en aanbid.

Let op dat in Moses in Deuteronómium 4:25 dit duidelik stel dat dit nie onmiddellik sou gebeur nie. Met inagneming van alles wat hulle so pas deurgemaak het, sou hulle nie dadelik in afgodediens verval het nie. Maar, met tyd, 'n geslag of twee later, sou hulle neiging om te "vergeet" wat die Here vir hulle gedoen het en ook waarteen Hy hulle gewaarsku het (*Deuteronómium 4:9)*, hulle gelei het om presies dit te doen waarteen Hy hulle gewaarsku het.

Lees **Deuteronómium 4:29–31. Wat sê die Here sal Hy vir hulle in hierdie spesifieke situasie doen?**

_____

_____

God se genade is verbasend. Selfs nadat hulle in die afskuwelike sonde van afgodediens verval het, selfs nadat hulle die onvermydelike gevolge van hulle sondes moes dra, sou Hy, as hulle na die Here sou teruggekom het, hulle vergewe het en hulle herstel het. Kortliks, indien hulle uit vrye wil berou sou getoon het, sou Hy hulle bekering aanvaar het.

Die woord wat in Deuteronómium 4:30 dikwels as "terugkeer" vertaal word, beteken eintlik om "om te draai". Dit wil sê, hulle gaan terug na die Here toe, na waar hulle die hele tyd veronderstel was om te wees. Die Hebreeuse woord teshuvah se oorsprong is dieselfde as die woord "terugkeer" se oorsprong, en beteken "bekering."

Daarom, wat ook al anders by bekering betrokke is, is die kernbetekenis daarvan om na God terug te keer nadat ons as gevolg van ons sondes van Hom geskei was.

Teshuvah

Regdeur die boek Deuteronómium verskyn daar 'n hooftema: gehoorsaam die Here en word geseën, wees ongehoorsaam aan Hom en ly die gevolge. Dieselfde geld vir die Nuwe Testament. "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai, maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai." *(Galásiërs 6:7, 8)*.

Ongelukkig is om te sondig, ten minste na die sondeval, net so maklik en natuurlik as wat dit voel om asem te haal. En ten spyte van al die waarskuwings en beloftes — " 'Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie' " (Deuteronómium 30:11) — het baie van die volk presies net dit gedoen: hulle het die sondes gedoen waarteen God hulle gewaarsku het.

En tog was God selfs nog gewillig om hulle terug te neem as hulle deur hulle vrye wil en vrye keuse berou sou kry, en na Hom sou terugkeer.

Lees **Deuteronómium 30:1–10 weer. Wat sê die Here sal Hy vir sy volk doen ten spyte van alles wat hulle verkeerd gedoen het? Wat was egter *die voorwaarde* vir al hierdie wonderlike beloftes?**

_____

_____

Die werklikheid is eenvoudig en reguit: as jy verbrou, sal daar verskriklike gevolge vir jou en jou gesin wees. Dit is wat sonde doen. Maar, selfs dan kan jy berou toon, en die Here sal jou terugneem en jou seën.

Dieselfde Hebreeuse oorspronklike woord vir *teshuvah* verskyn dikwels in hierdie verse. In Deuteronómium 30:2 sê die teksvers " 'en jy jou tot die HERE jou God *bekeer* ' "; en in Deuteronómium 30:8, hoewel dit dikwels vertaal word as "en jy jou weer tot die Here jou God bekeer" (wat eintlik korrek is), kan dit letterlik vertaal word as, "En jy tot die HERE jou God *terugkeer* en na sy stem luister." Laastens, in Deuteronómium 30:10, lees die vers " 'as jy [jou] tot die Here jou God bekeer met jou hele hart en met jou hele siel,' " is die woord "bekeer" eintlik "terugkeer".

Met ander woorde, ten spyte van alles wat met hulle gebeur het, ten spyte van hulle uitdruklike oortreding en verbreking van die verbond, was die HERE nie klaar met hierdie volk nie, en as hulle nie wou hê dat Hy hulle moes verwerp nie, kon hulle hulle begeerte deur terugkering bevestig het.

Hoewel hierdie verse die Israelitiese volk in die geheel aanspreek, hoe weerspieël dit, ten spyte van die feit dat ons konteks tans anders is, steeds die realiteit van hoe sentraal ware bekering vir ons as gelowiges is wat ook soms die verbond wat ons met God gemaak het, verbreek?

Met jou hele hart

Deuteronómium 30:1–10 openbaar die genade en goedheid van God teenoor afvalliges en sondaars, selfs al was daardie sondaars en afvalliges deur God op unieke maniere geseën: 'Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die Here onse God so dikwels as ons Hom aanroep?' " *(Deuteronómium 4:7)*. Selfs, ten spyte van alles wat Hy vir hulle gedoen het, en ten spyte van die feit dat hulle geen werklike verskoning of regverdiging vir hulle sonde gehad het nie, het hulle in elk geval gesondig (kan enigeen hiermee identifiseer?).

En tog, selfs toe — wat?

Fokus **in Deuteronómium 30:1–10 op wat hulle bekering, hulle terugkeer *(teshuvah)* tot God behels het. Wat moes hulle doen, en wat behoort dit ons tans te leer oor wat ware bekering behels?**

_____

_____

Húlle moes uiteindelik die keuse gemaak het om na Hom terug te keer en om Hom *met hulle hele hart te gehoorsaam*. In engere sin, die werklike vraag was hulle harte, want as hulle harte teenoor God reg was, sou hulle reg opgetree het: d.w.s., hulle sou gehoorsaam gewees het.

Dis hoekom daar aan hulle die wonderlike belofte gegee was dat as hulle na die Here sou "terugkeer", opreg na Hom sou terugkeer, Hy in hulle sou gewerk het en hulle harte sou "besny" het. Te midde van hulle ballingskap moes hulle die keuse gemaak het om na God terug te keer, en Hy sou hulle dan na Hom toe en na die land toe teruggebring het. En dan, sou Hy hulle in die land geseën het. En deel van die seën sou wees dat Hy in hulle sou werk om hulle harte te verander en nog nader aan Hom bring, om "die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe."

Per slot van rekening, deur op die stem van God te reageer *(lees Handelinge 5:31)*, sou hulle hulle waarlik van hulle sondes moes bekeer. En, alhoewel in 'n verskillende historiese konteks, het Ellen G. White geskryf: "Die mense het gerou omdat hulle sondes vir hulle lyding meegebring het, maar nie omdat hulle God deur oortreding van Sy heilige wet oneer aangedoen het nie. Ware berou is meer as droefheid oor sonde. Dit is vasberadenheid om die sonde te versaak." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 557. En dit is 'n waarheid wat ons in Deuteronómium 30:1-10 kan sien.

Hoe kan ons die verskil tussen om jammer vir die gevolge van ons sondes te wees, wat enigeen kan doen, en om oor die sondes self jammer te wees? Hoekom is hierdie verskil so belangrik?

_____

Bekeer julle

Bekering kom dikwels in die Nuwe Testament voor. Die feit is dat Johannes die Doper sy bediening met die oproep tot bekering begin het.

Lees **Matthéüs 3:1–8. Hoe word die idee van "terugkeer" in hierdie verse weergegee? Met ander woorde, wat sê Johannes aan hulle wat hulle moet doen en hoe weerspieël dit dieselfde idee wat in Deuteronómium gevind word? Hoekom sou sy woorde ook vir die Fariseërs en Sadduseërs veral belangrik gewees het?**

_____

_____

Jesus het sy bediening ook met oproepe tot bekering begin.

Lees **Markus 1:15. Wat sê Jesus hier, en hoekom verbind Hy bekering met die evangelie?**

_____

_____

Of dit Johannes is wat spesifiek met die godsdienstige leiers praat of Jesus met die nasie in die geheel, die gedagte is dieselfde. Ons is sondaars en hoewel Christus gekom het om sondaars te red, is dit ons wat ons van ons sondes moet bekeer. En daardie bekering — of dit 'n afvallige, 'n getroue Christen of 'n nuwe bekeerling is wat sondig — sluit 'n terugkeer vanaf die ou sondige weë in. Ons moet ons sondigheid erken en, deur berou vir ons sondes (en nie net vir die gevolge daarvan nie) te toon, moet ons die bewustelike keuse maak om daardie sondes te versaak en met volle vertroue op die verdienste van Jesus te " 'luister na die stem van die Here jou God' " *(Deuteronómium 15:5)*.

Sommige Bybelgeleerders sien in die Nuwe Testament herhalings van die bekeringsidee soos dit in Deuteronómium uitgedruk word. Byvoorbeeld, toe Petrus die nasie beskuldig het dat hulle Jesus gekruisig het, was baie mense "diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: 'Wat moet ons doen, broeders?'" *(Handelinge 2:37)*. Dit wil sê, omdat hulle bewus van hulle sonde was, het hulle berou gehad, ("diep in die hart getref"), en hulle wou weet wat hulle moes doen om met God reg te maak omdat hulle Hom te nagekom het.

Is dit nie dieselfde situasie soos met ons ook nie: sondaars wat God te nagekom het?

Lees Handelinge 2:38. Hoe het Petrus op hulle vraag gereageer, en hoe openbaar hierdie gebeurtenis die beginsel van ware bekering?

Vir verdere studie: "Met elke voorwaartse stap in die Christelike lewe sal ons dieper berou hê. Juis aan hulle wat Sy vergifnis het, aan hulle wat Hy as Sy volk erken, sê die Here: 'Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees (Eségiël 36:31).' Verder sê Hy: 'Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die Here is, sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here Here (Eségiël 16:62, 63).' Dan sal geen selfverheerliking oor ons lippe gaan nie. Ons sal weet dat ons net in Christus toereikend is. Ons sal soos die apostel bely: 'Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie (Romeine 7:18).' 'Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld (Galásiërs 6:14).'" — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 160-161.

" Jy besef nie 'dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie (Romeine 2:4).' 'n Goue ketting, die genade en meegevoel van Goddelike liefde, word om elke bedreigde siel gebind. Die Here verklaar: 'Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde, daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid (Jeremia 31:3).'" —Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 202.

Vrae vir bespreking:

❶ Hoewel ons tot bekering moet kom, hoe kan ons versigtig wees om die valstrik dat bekering iets is wat jy moet verdien, te vermy, so asof dit die handeling van bekering is wat ons voor God regstel?

❷ "Daarna het Judas, sy verraaier, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge en gesê: 'Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai.' Maar hulle sê: 'Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien!' En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang. *(Matthéüs 27:3–5).*"**Daar is geen twyfel dat Judas jammer gevoel het oor wat hy aan Jesus gedoen het nie (per slot van rekening, hy het homself doodgemaak). Hoekom word sy optrede nie as ware bekering geag nie?**

❸ Hoe moet die realiteit van die mens se sondigheid, selfs ons eie sondigheid, ons nederig hou teenoor andere (deurdat ons hulle nie oordeel nie), en teenoor God? Hoekom moet die feit dat dit die kruis geneem het, d.w.s., die dood van die Seun van God om ons te red, om aan ons te toon hoe sleg sonde werklik is?